

Argief

OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Thursday, 1st February 1973

WINDHOEK

Donderdag 1 Februarie 1973

No. 3297

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

PROCLAMATIONS:

- No. 5 Control over the Entry and Residence of Prohibited Persons Ordinance, 1970: Exemption in Terms of the Provisions of Section 9 82
- No. 6 Township of Lüderitz: Extension of Boundaries 82
- No. 2 (Republic) Conferment of Criminal Jurisdiction upon the Native Commissioner, Windhoek 83
- No. R.8 (Republic) Establishment of a Professional Board for Chiropody 83

PROKLAMASIES:

- Ordonnansie op die Beheer oor die Binnekoms en Verblyf van Verbode Persone 1970: Vrystelling Ingevolge die Bepalings van Artikel 9. 82
- Dorp Lüderitz: Uitbreiding van Grense 82
- (Republiek) Verlening van Kriminele Regsmag aan die Naturellekommissaris, Windhoek 83
- (Republiek) Instelling van 'n Beroepsraad vir Chiropodie 83

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 12 Municipality of Keetmanshoop: Abattoir Regulations 84
- No. 13 Peri-Urban Development Board: Amendment of Employees Regulations 95
- No. 14 Liquor Ordinance, 1969: Amendment of Regulations 95
- No. 15 Village Management Board of Koës: Amendment of Native Location Regulations 95
- No. 16 Municipality of Karasburg: Amendment of Slaughterhouse Regulations 97
- No. 17 Village Management Board of Witvlei: Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 97
- No. 18 Municipality of Windhoek: Amendment of Health Regulations 98
- No. 19 Municipality of Otavi: Amendment of Native Location Regulations 98
- No. 20 Price Control: Maximum prices of Coal 99
- No. 2428/1972 (Republic) Department of Bantu Administration and Development: Redefinition of the Local Limits of Districts in South West Africa and matters incidental thereto 99
- No. 31 (Republic) Declaration of a National Monument: "Diaz Point Lighthouse" 104
- No. 48 (Republic) Courts of Native Commissioner: South West Africa 104
- No. R.89 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Regulations regarding the Constitution, Powers, Functions and Duties of the Professional Board for Chiropody 105
- No. R.106 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule (No. 4/111) 108

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- Munisipaliteit van Keetmanshoop: Abattoirregulasies 84
- Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Wysiging van Werknemersregulasies 95
- Drankordonnansie 1969: Wysiging van Regulasies Dorpsbestuur van Koës. Wysiging van Inbooringlokasieregulasies 95
- Munisipaliteit van Karasburg: Wysiging van Slaghuysregulasies 97
- Dorpsbestuur van Witvlei: Ordonnansie Insaake Heffings en Bydraes vir Inbooringbehuising 1961 97
- Munisipaliteit van Windhoek: Wysiging van Gesondheidsregulasies 98
- Munisipaliteit van Otavi: Wysiging van Inbooringlokasieregulasies 98
- Prysbeheer: Maksimum pryse van Steenkool 99
- (Republiek) Departement van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling: Heromskrywing van die Plaaslike Grense van Distrikte in Suidwes-Afrika en Aangeleenthede wat daarmee in verband staan 99
- (Republiek) Verklaring van 'n Nasionale Monument: „Diaz Point Lighthouse” 104
- (Republiek) Naturellekommissarishowe: Suidwes-Afrika 104
- (Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Regulasies betreffende die Samestelling, Bevoegdheids, Werksaamhede en Pligte van die Beroepsraad vir Chiropodie 105
- (Republiek) Doenae- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae (No. 4/111) 108

GENERAL NOTES:

- No. 22 (Republic) Assizing: Magisterial District Windhoek 109

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

- (Republiek) Yking: Landdrosdistrik Windhoek 109

ADVERTISEMENTS:

ADVERTENSIES:

110

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 5 of 1973.]

CONTROL OVER THE ENTRY AND RESIDENCE OF PROHIBITED PERSONS ORDINANCE 1970: EXEMPTION IN TERMS OF THE PROVISIONS OF SECTION 9.

The Executive Committee has under and by virtue of the powers in him vested by Section 9 of the Control over the Entry and Residence of Prohibited Persons Ordinance, 1970 (Ordinance 12 of 1970) exempted any Coloured who is employed on the farm Beauvallon, situate in the Magisterial District of Springbok in the Republic of South Africa, by Messrs. Consolidated Diamond Mines of South West Africa Ltd. and the family, as defined in section 6(2) of the said Ordinance, of any such Coloured, who has to be taken to Oranjemund for urgent medical treatment, from all the provisions of the said Ordinance.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 17th day of January 1973.

B. J. VAN DER WALT,
Administrator.

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 5 van 1973.]

ORDONNANSIE OP DIE BEHEER OOR DIE BINNEKOMS EN VERBLYF VAN VERBODE PERSONE 1970: VRYSTELLING INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 9.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 9 van die Ordonnansie op die Beheer oor die Binnekoms en Verblyf van Verbode Persone 1970 (Ordonnansie 12 van 1970), enige Kleurling wat op die plaas Beauvallon, geleë binne die Landdrosdistrik van Springbok in die Republiek van Suid-Afrika, in diens is van mnre. Consolidated Diamond Mines of South West Africa, Ltd., en die gesin, soos omskryf in artikel 6(2) van gemelde Ordonnansie, van enige sodanige Kleurling wat vir dringende mediese behandeling na Oranjemund geneem moet word, vrygestel van al die bepalings van gemelde Ordonnansie.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 17de dag van Januarie 1973.

B. J. VAN DER WALT,
Administrateur.

No. 6 of 1973.]

**TOWNSHIP OF LÜDERITZ:
EXTENSION OF BOUNDARIES.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 29(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) extended the boundaries of the township of Lüderitz to include Portion 53 (a portion of portion 41 of Portion B) of Lüderitz Town and Townlands 11 in the Township of Lüderitz, Registration Division "N".

The property is now known as erf 634, Township of Lüderitz.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 16th day of January 1973.

B. J. VAN DER WALT,
Administrator

No. 6 van 1973.]

**DORP LÜDERITZ:
UITBREIDING VAN GRENSE.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 29(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) die grense van die dorp Lüderitz uitgebrei om Gedeelte 53 ('n gedeelte van gedeelte 41 van gedeelte B) van Lüderitz-dorp en -dorpsgrond 11 in die dorp Lüderitz, Registrasie-afdeling „N” in te sluit.

Hierdie eiendom staan nou bekend as erf 634, Lüderitz.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 16de dag van Januarie 1973.

B. J. VAN DER WALT,
Administrateur

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC
OF SOUTH AFRICA.

No. 2 of 1973 (Republic).]

CONFERMENT OF CRIMINAL JURISDICTION
UPON THE NATIVE COMMISSIONER, WINDHOEK.

BY VIRTUE OF the powers vested in me by section 7 of the Native Administration Proclamation, 1928 (South-West Africa Proclamation 15 of 1928), read with section 3 of the South-West Africa Bantu Affairs Administration Act, 1954 (Act 56 of 1954), and the South-West Africa Native Affairs Administration Proclamation, 1958 (Republic Proclamation 119 of 1958) I hereby confer upon the Native Commissioner, Windhoek, criminal jurisdiction in respect of any offence subject to the jurisdiction of a magistrate's court, committed by a native within his area of jurisdiction.

Given under my hand and the seal of the Republic of South Africa at Pretoria this 23rd day of December one thousand nine hundred and seventy-two.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By order of the State President-in-Council
M. C. BOTHA.

No. R.8 of 1973. (Republic)]

ESTABLISHMENT OF A PROFESSIONAL BOARD
FOR CHIROPODY.

Under the powers vested in me by section 13A (2) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), and after considering a recommendation of the South African Medical and Dental Council, I hereby establish a professional board to be known as the Professional Board for Chiropody which shall, subject to the provisions of section 13A (3) (i) and (iii), consist of persons whose names appear on the register of chiropodists kept under section 32 of the said Act.

Given under my hand and seal of the Republic of South Africa at Rouxville, this eleventh day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council,
S. W. VAN DER MERWE.

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIC
VAN SUID-AFRIKA.

No. 2 van 1973 (Republiek).]

VERLENING VAN KRIMINELE REGSMAG AAN
DIE NATURELLEKOMMISSARIS, WINDHOEK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 7 van die Naturelle-administrasie-Proklamasie, 1928 (Suidwes-Afrika-proklamasie 15 van 1928), gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Bantoesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet 56 van 1954), en die Proklamasie op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1958 (Republiek-proklamasie 119 van 1958), verleen ek hierby aan die Naturellekommissaris, Windhoek, kriminele regsmag met betrekking tot enige misdryf onderworpe aan die regsmag van 'n magistratuurshof, wat deur 'n naturel in sy regsgebied begaan word.

Gegee onder my hand en die seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die 23ste dag van Desember eenduisend negenhonderd twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade,
M. C. BOTHA.

No. R.8 van 1973. (Republiek)]

INSTELLING VAN 'N BEROEPSRAAD VIR
CHIROPODIE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 13A (2) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad stel ek hierby in 'n beroepsraad wat as die Beroepsraad vir Chiropodie bekend sal staan en wat, behoudens die bepalinge van artikel 13A (3) (i) en (iii), bestaan uit persone wie se name verskyn op die register van chiropodiste wat kragtens artikel 32 van genoemde Wet gehou word.

Gegee onder my hand en die seël van die Republiek van Suid-Afrika te Rouxville, op hede die elfde dag van Desember Eenduisend Negenhonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade
S. W. VAN DER MERWE.

Government Notices

Goewermentskennisgewings

The following Government Notices are published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 12]

[1 February 1973.

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP: ABATTOIR REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following regulations:

1. *Definitions.*

In these regulations, unless the context indicates otherwise —

„superintendent” means the health inspector or other officer appointed by the Council to supervise, control and manage the abattoir, or any person appointed temporarily to act for him;

„abattoir” means the municipal abattoir established and maintained by the Council and includes all buildings, kraals, lairages, grounds and open spaces situated within the boundaries of the site reserved by the Council for the purpose of such abattoir;

„animal” means any bull, ox, cow, heifer, steer, calf, sheep, lamb, goat, pig or other animal the flesh of which is commonly used for human consumption;

„municipality” means the area falling within the control and jurisdiction of the Council;

„butcher” means a person or company or firm holding or required to hold a butcher's licence issued under the law concerned;

„butcher's shop” means any premises used for the sale of meat and the keeping, storing, preparing or exhibiting of meat intended for sale or otherwise for the purpose of a butcher's business and shall include the salesroom and associated rooms;

„meat” means the carcase or flesh or offal of any animal or poultry usually intended for human consumption but shall not include canned meat or potted meat;

„Council” means the Council of the Municipality of Keetmanshoop;

„poultry” means any duck, muscovy duck, fowl, goose or turkey or any pigeon, whether tame or wild.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika,

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 12.]

[1 Februarie 1973.

MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP: ABATTOIRREGULASIES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande regulasies goedgekeur:

1. *Woordbepaling.*

In hierdie regulasies, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —

„superintendent” die gesondheidsinspekteur of ander beampete wat deur die Raad aangestel is om toesig te hou oor die abattoir, dit te beheer en te bestuur, of iemand wat tydelik aangestel is om namens hom op te tree;

„abattoir” die munisipale abattoir opgerig en in stand gehou deur die Raad en omvat alle geboue, krales, hokke, terreine en oop ruimtes wat geleë is binne die grense van die perseel wat deur die Raad vir so 'n abattoir afgesonder is;

„dier” iedere bul, os, koei, vers, tollie, kalf, skaap, lam, bok, vark of ander dier, die vleis waarvan gewoonlik vir menslike verbruik bedoel word;

„munisipaliteit” die gebied wat binne die beheer en regs- mag van die Raad ressorteer;

„slagter” 'n persoon of maatskappy of firma wat in besit is of moet wees van 'n slagterslisensie uitgereik kragtens die betrokke wet;

„slaghuis” 'n perseel wat gebruik word vir die verkoop van vleis en die hou, bewaring, bereiding of uitstalling van vleis wat vir verkoop bedoel is, of andersins vir die doel van 'n slagtersbesigheid, en behels die verkoopslokaal en verwante vertrekke;

„vleis” beteken die karkas of vleis of afval van enige dier of pluimvee wat gewoonlik vir menslike verbruik bedoel is maar sluit nie ingemaakte vleis in nie;

„Raad” die Raad van die Munisipaliteit van Keetmanshoop;

„pluimvee” 'n eend, makou, hoender, gans of kalkoen of enige duif, hetsy mak of wild.

2. *Slaughter in abattoir only.*

No person shall within the municipality slaughter any animal or poultry of which the meat is intended for human consumption except in the abattoir.

3. *Only stamped meat to be sold.*

No person shall offer or accept for sale or sell within the Municipality meat unless the same has been examined, passed and stamped by the superintendent.

4. *Times of operation.*

The Council may from time to time by resolution fix the day and times for the opening and closing of the abattoir and the times for the entry and departure of stock, the slaughtering of stock and the inspection of meat and carcasses.

5. *Control by superintendent.*

Every person using or employed in the abattoir shall be subject to the instructions of the superintendent or his deputy. Any person failing to carry out such instructions or interfering with or obstructing any directions given by the superintendent or the other authorised officer of the Council shall be guilty of an offence and may be excluded from the abattoir.

6. *Care of animals.*

While awaiting slaughter all animals shall be watered and treated with utmost care by and at the expense of the owner, and during the process of slaughtering such animals shall be given as little pain or suffering as practicable, and shall not be subjected to any cruelty. Such animals shall on no account be allowed to run loose about the grounds of the abattoir, but shall be confined in the kraals provided for that purpose.

7. *Time of slaughter or removal.*

Every person bringing or causing to be brought any animals into the abattoir shall cause such animals to be slaughtered or removed within a period of 12 hours from the time of admission: Provided that where animals arrive at or after 12 H00 on a Saturday or the day preceding a public holiday the date of admission may be regarded as the next succeeding working day thereafter.

8. *Dressing of carcasses.*

All animals shall be slaughtered without unnecessary delay, and the dressing of the slaughtered animals shall only take place after the flow of blood has ceased, and when all signs of life are extinct.

9. *Regulation of order of killing.*

Whenever the number of animals brought into the abattoir for slaughter is so great as to occasion delay or inconvenience or loss, the superintendent shall have the power to regulate the order in which the killing shall proceed, so as to cause the least possible inconvenience and loss to the persons to whom the animals belong, and every person interested and all workers in the abattoir shall be bound by such order and arrangement as the superintendent may find it expedient to make.

2. *Slag net in abattoir.*

Niemand mag binne die munisipaliteit enige dier of pluimvee, waarvan die vleis vir menslike gebruik bedoel word, slag nie, behalwe in die abattoir.

3. *Slegs gestempelde vleis mag verkoop word.*

Niemand mag enige vleis binne die Munisipaliteit te koop aanbied of vir verkoop aanneem of verkoop nie, tensy dit deur die superintendent ondersoek, goedgekeur en gestempel is.

4. *Bedryfstye.*

Die Raad kan van tyd tot tyd by besluit die dag en tye bepaal vir die opening en sluiting van die abattoir en die tye vir die ingang en vertrek van vee, die slag van vee en die keuring van vleis en karkasse.

5. *Beheer deur superintendent.*

Elkeen wat van die abattoir gebruik maak of daarin werksaam is, is onderworpe aan die bevel van die superintendent of sy plaasvervanger. Enigiemand wat versuim om sodanige bevel uit te voer of enige bevel van die superintendent of die ander daartoe gemagtigde beampte van die Raad teenwerk of hom daarmee bemoei, is skuldig aan 'n misdryf en kan uit die abattoir geweier word.

6. *Versorging van diere.*

Terwyl die diere wag om geslag te word, moet hulle water gegee en met die grootste sorg deur en op koste van die eienaar behandel word, en die slag moet geskied met so min pyn of lyding aan die diere as wat moontlik is en hulle mag nie wreed behandel word nie. Sodanige diere mag onder geen omstandighede toegelaat word om op die terrein van die abattoir los rond te loop nie, maar moet opgesluit word in die hokke of krale wat vir dié doel verskaf is.

7. *Tyd van slag of verwydering.*

Elkeen wat diere in die abattoir bring of laat bring moet sodanige diere binne 'n tydperk van 12 uur na toelating laat slag of verwyder: Met dien verstande dat waar diere om of na 12 H00 op 'n Saterdag of die dag voor 'n openbare vakansiedag aankom, die eersvolgende werksdag daarna as die datum van toelating beskou kan word.

8. *Bereiding van karkasse.*

Alle diere moet sonder onnodige vertraging geslag word en die voorbereiding van die geslagte diere moet geskied slegs nadat die vloei van die bloed opgehou het en daar geen tekens van lewe meer is nie.

9. *Bepaling van volgorde van slag.*

Wanneer die aantal diere wat in die abattoir gebring word om geslag te word, so groot is dat dit vertraging en ongerief of verlies veroorsaak, besit die superintendent die bevoegdheid om te reël in watter volgorde die slag moet plaasvind sodat so min ongerief en verlies as moontlik veroorsaak word aan die persone aan wie die diere behoort en elkeen wat daarby belang het en al die werkers in die abattoir is verplig om hulle aan die volgorde en reëlings te hou wat die superintendent raadsaam ag om te bepaal en te tref.

10. *Animals suffering from injury or disease.*

The superintendent may require the owner of any animal found in the abattoir to be suffering from any injury, to cause such animal to be immediately slaughtered or removed from the abattoir at his discretion. All animals intended for slaughtering and suspected of suffering from any disease shall be brought to a pen or kraal adjoining the abattoir for further examination. This regulation shall also apply to all animals intended for slaughter that have come in contact with animals suspected to be suffering from any disease.

11. *Removal or slaughter of diseased animals.*

In the event of disease being discovered in any animal in the abattoir, except when the disease is or is suspected of being one coming under the provisions of the Diseases of Stock Proclamation 1920 (Proclamation 28 of 1920) when the concurrence of the Government veterinary surgeon shall be obtained with the least possible delay, the superintendent with the concurrence of the veterinary surgeon or medical officer of health, may, by written notice given to the owner or person in charge of such animal, order the same to be removed or slaughtered within such period of 12 hours as he may in the circumstances consider expedient, and any person disregarding such order shall be guilty of an offence.

12. *Slaughter of animals when abattoir in quarantine.*

In the event of the abattoir being declared an infected place under the Diseases of Stock Proclamation 1920 (Proclamation 28 of 1920) or other similar law, and the regulations made thereunder, the superintendent, with the concurrence of the veterinary surgeon or medical officer of health, may give notice in writing to the owners or persons in charge of all animals within the abattoir, ordering such animals to be slaughtered within such shorter period than 12 hours as he may under the circumstances consider expedient, and any person disregarding such order shall be guilty of an offence.

13. *No compensation for condemned meat.*

No compensation shall be paid by the Council for any meat which has been seized, condemned and destroyed as unfit for food.

14. *Owner to furnish source of supply.*

The owner or person in charge of a diseased animal shall when so requested by the superintendent furnish without delay, the name and address of the person from whom such animal was obtained.

15. *Presence of diseased animals to be reported.*

Any person discovering any animal within the abattoir to be diseased shall forthwith report the fact to the superintendent and such animal shall not be removed or further dealt with in any way until the sanction of the superintendent has been obtained therefor.

16. *Examination of animals before entering abattoir.*

All animals brought by rail or otherwise, shall, if deemed necessary by the superintendent, be examined by the veterinary surgeon or other authorised officer before

10. *Diere wat aan beserings of siekte ly.*

Die superintendent kan van die eienaar van 'n dier wat in die abattoir gevind word en wat aan 'n besering ly, vereis om sodanige dier onmiddellik te slag of te laat verwyder, al na hy goeddink. Alle diere wat bedoel is om geslag te word en vermoedelik aan 'n siekte ly, moet na 'n hok of kraal wat aan die abattoir grens, vir nadere ondersoek gebring word. Hierdie regulasie is ook van toepassing op alle diere wat bedoel is om geslag te word en wat in aanraking gekom het met diere wat vermoedelik aan 'n siekte ly.

11. *Verwydering of slag van siek diere.*

Ingeval siekte ontdek word by 'n dier in die abattoir behalwe wanneer dit 'n siekte of verdagte siekte is wat die bepalinge van die Veeziekten Proklamatie 1920 (Proklamasie 28 van 1920) val, in watter geval die toestemming van die staatsveearts met so min vertraging as moontlik verkry moet word, kan die superintendent met die toestemming van die veearts of die mediese gesondheidsbeampte, by skriftelike kennisgewing aan die eienaar of persoon wat beheer het oor so 'n dier, gelas dat die dier dadelik uit die perseel van die abattoir verwyder moet word of geslag moet word binne sodanige tydperk van 12 uur as wat hy onder die omstandighede dienstig ag, en elkeen wat nie aan sodanige lasgewing gehoor gee nie, is skuldig aan 'n misdryf.

12. *Slag van diere wanneer abattoir onder kwarantyn is.*

Ingeval die abattoir tot 'n besmette plek verklaar word kragtens die Veeziekten Proklamatie 1920 (Proklamasie 28 van 1920), of 'n ander dergelike wet en die regulasies daarkragtens opgestel, kan die superintendent, met die toestemming van die veearts of die mediese gesondheidsbeampte by skriftelike kennisgewing aan die eienaars of die persone wat beheer het oor al die diere binne die abattoir, gelas dat sodanige diere geslag moet word binne sodanige korter tydperk as 12 uur as wat hy onder die omstandighede dienstig ag, en elkeen wat nie aan so 'n lasgewing gehoor gee nie, is skuldig aan 'n misdryf.

13. *Geen vergoeding vir afgekeurde vleis nie.*

Geen vergoeding word deur die Raad betaal vir enige vleis waarop beslag gelê is en wat afgekeur en vernietig is omdat dit as voedsel ongeskik is nie.

14. *Eienaar moet meld van wie siek dier verkry is.*

Die eienaar van 'n siek dier of persoon wat dit onder sy sorg het, moet, wanneer die superintendent hom daartoe versoek, die naam en adres van die persoon van wie so 'n dier verkry is, sonder versuim opgee.

15. *Aanwesigheid van siek dier moet gerapporteer word.*

Elkeen wat in die abattoir 'n dier vind wat siek is, moet die superintendent onmiddellik daarvan in kennis stel en so 'n dier mag nie verwyder of op enige wyse verder mee gehandel word totdat die goedkeuring van die superintendent daartoe verkry is nie.

16. *Ondersoek van diere voor toelating tot abattoir.*

Alle diere wat per spoor of andersins gebring word, moet, indien die superintendent dit nodig ag, deur die veearts of ander gemagtigde beampte ondersoek word voordat

being allowed in the abattoir. After such examination has taken place all animals passed as sound shall be lodged in the lairages or kraals.

17. *Stunning of animals before slaughter.*

No person shall slaughter cattle or pigs until the same shall have been stunned with an instrument in proper working order in which the force applied to inflict the fatal injury is a force other than human muscular energy: Provided that this regulation shall not be deemed to apply where animals intended for the food of Jews or Mohammedans are slaughtered.

18. *Condition of animals before slaughter.*

A fatigued, exhausted or excited animal shall not immediately be slaughtered, but shall be placed in a pen and allowed to rest and regain its normal condition before being killed. The decision of the superintendent as to whether any animal is so fatigued, exhausted or excited as not to be fit for immediate slaughter and as to whether it has regained its normal condition shall be final. No cow which is heavy in calf or on the point of calving shall be slaughtered. The carcase of any unborn calf must be condemned.

19. *Ritual slaughter.*

Slaughtering by Jewish or Mohammedan rites shall be executed and superintended by persons duly approved by the Council appointed for the purpose by the Jewish or Mohammedan communities, respectively, and every such person shall in every respect conform to the regulations regarding the working of the abattoir. The instrument prescribed or provided for felling or stunning of animals before slaughtering shall be used: Provided that nothing in these regulations shall interfere with the ceremonies of killing by Jewish or Mohammedan rites, but all unnecessary cruelty shall be avoided.

20. *Permit for use of humane killer.*

No person shall use the instrument for felling or stunning of animals at the abattoir without a permit from an authorised official of the Municipality, which shall be granted subject to such regulations in regard to the mode in which animals are to be slaughtered, as the Municipality may from time to time make. Such official may withdraw any permit so granted or refuse to issue a permit without assigning a reason for such withdrawal or refusal: Provided, however, that any person who has been refused a permit or whose permit has been withdrawn by such official shall have the right to appeal in writing to the Municipality.

21. *Meat to be stamped.*

- (1) The superintendent or medical officer of Health or any person appointed by the Municipality shall mark or stamp all meat slaughtered in the abattoir, and which has been examined and passed as fit for human consumption.
- (2) No person shall be in possession or use or cause or suffer to be used any imitation, counterfeit or facsimile of the stamp of the Municipality used for stamping carcasses passed for human consumption.

hulle in die abattoir toegelaat word. Nadat so 'n ondersoek plaasgevind het, moet alle diere wat as gesond goedgekeur is, in die hokke of krale geplaas word.

17. *Verdoof van diere voordat hulle geslag word.*

Niemand mag beeste of varke slag nie tensy die diere verdoof is deur 'n werktuig wat in 'n behoorlike werkende toestand is en waarin die krag wat aangewend word om die dodelike wond toe te dien, nie menslike spierkrag is nie: Met dien verstande dat hierdie regulasie nie beskou word as van toepassing waar diere geslag word wat as voedsel vir Jode of Mohammedane bestem is nie.

18. *Toestand van diere voordat hulle geslag word.*

'n Vermoeide, uitgeputte of opgewonde dier mag nie dadelik geslag word nie, maar moet in 'n hok geja en toegelaat word om te rus en tot sy normale toestand terug te keer voordat dit geslag word. Die beslissing van die superintendent of so 'n dier so vermoeid, uitgeput of opgewonde is dat dit nie geskik is om onmiddellik geslag te word nie, en of dit tot sy normale toestand teruggekeer het, is afdoende. 'n Koei wat dragtig is of op die punt staan om te kalf, mag nie geslag word nie. Die karkas van 'n ongebore kalf moet afgekeur word.

19. *Slag volgens kerkgebruik.*

Die slag van vee volgens die Joodse of Mohammedaanse gebruik moet geskied onder die toesig van en deur persone wat behoorlik deur die Raad goedgekeur en vir daardie doel onderskeidelik deur die Joodse en Mohammedaanse gemeenskap aangestel is, en so iemand moet in all opsigte aan die regulasies insake die bestuur van die abattoir voldoen. Die instrument wat voorgeskryf of bepaal is vir die neervel of verdoof van diere voordat hulle geslag word, moet gebruik word: Met dien verstande dat geen bepaling van hierdie regulasies die seremonies by die slag volgens die Joodse of Mohammedaanse gebruik belet nie, maar alle onnodige wreedheid moet vermy word.

20. *Verlof tot gebruik van slagmasker.*

Niemand mag die werktuig vir die neervel of verdoof van diere in die abattoir sonder 'n permit van 'n gemagtigde beampte van die Munisipaliteit gebruik nie. Hierdie permit word verleen onderworpe aan die regulasies insake die wyse waarop die diere geslag moet word wat die Munisipaliteit van tyd tot tyd opstel. Sodanige beampte kan 'n permit wat aldus verleen is, intrek of kan weier om 'n permit uit te reik sonder om 'n rede vir so 'n intrekking of weiering op te gee: Met dien verstande dat iedereen aan wie 'n permit geweier is of wie se permit deur sodanige beampte ingetrek is, die reg besit om hom skriftelik op die Raad te beroep.

21. *Vleis moet gestempel word.*

- (1) Die superintendent of mediese gesondheidsbeampte of iemand deur die Munisipaliteit aangestel moet alle vleis wat in die abattoir geslag en ondersoek word en goedgekeur is as voedsel vir die mens, merk of stempel.
- (2) Niemand mag 'n namaaksel, afdruk of faksimile van die Munisipaliteit se stempel wat gebruik word om karkasse mee te stempel wat goedgekeur is as geskik vir menslike verbruik, besit of gebruik of

tion; and any person selling or attempting to sell or keeping or exposing for sale any carcase or meat which is not stamped with the said stamp of the Municipality shall be guilty of an offence.

22. *Examination of viscera and head.*

- (1) For the purpose of inspection and examination all viscera and the head shall be kept in the immediate neighbourhood of the carcase to which they belong until examined by the superintendent.
- (2) No person shall cut away or remove from any carcase any diseased or other portion before inspection by the superintendent or other duly authorised officer. Neither shall any hide or skin, paunch, feet or other part of the carcase be removed from the abattoir until examined by the superintendent or his permission received thereto.

23. *Quartering of carcasses.*

No carcase or part of a carcase shall be removed from the abattoir without the sanction of the superintendent, and no carcase shall be cut up (save for the quartering of beef) until it has been stamped by the superintendent as fit for human consumption.

24. *Condemnation of unsound meat.*

The medical officer of health, or in his absence the superintendent, provided that he is a veterinary surgeon, may, after personal inspection and after due notice to any person concerned, order the destruction or rendering unsaleable as food of any meat which is unwholesome, unsound or diseased: Provided that any person concerned shall have the right to require from the medical officer of health or his deputy, before ordering the destruction of any meat, to keep the same for a reasonable time not exceeding 48 hours from the time of the notice, to permit a further examination to be made by a medical practitioner or a veterinary surgeon appointed by such person.

25. *Municipality not responsible for lost property.*

Save where such damage, accident, injury or loss is proved to be due to the negligence or wilful default of the Municipality or its servants acting within the scope of their authority, the Municipality shall not be liable for any damage to, or loss of any carcase or carcasses, or any article or thing in any manner whatsoever, while within the abattoir, pens or liarages or any other place within the precincts, or within the fences of the abattoir, nor for any accident from any cause whatsoever to any slaughterman or other person who is not an employee of the Municipality.

26. *Prevention of cruelty to animals.*

The more effectively to prevent unnecessary suffering or cruelty to the animals in the abattoir, the Municipality may grant authority by an order signed by the duly authorised officer to any person or persons to enter the abattoir during business hours to see the mode in which the animals are killed. No such person shall interfere in any way with the killers or other persons engaged in the slaughtering or

laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie; en elkeen wat 'n karkas of vleis verkoop of probeer verkoop of hou of te koop uitstal wat nie gestempel is met genoemde stempel van die Munisipaliteit nie, is skuldig aan 'n misdryf.

22. *Ondersoek van ingewande en kop.*

- (1) Vir inspeksie- en ondersoekdoeleindes moet alle ingewande en die kop in die onmiddellike nabyheid gehou word van die karkas waaraan dit behoort voordat dit deur die superintendent ondersoek is.
- (2) Niemand mag enige bedorwe of ander gedeelte van 'n karkas afsny of verwyder voordat dit deur die superintendent of ander behoorlik gemagtigde beampte ondersoek is nie. Ook mag geen huid of vel, pens, pote of ander gedeelte van die karkas uit die abattoir verwyder word voordat dit deur die superintendent ondersoek is of sy toestemming daartoe verkry is nie.

23. *Vierendeel van karkasse.*

Geen karkas of gedeelte van 'n karkas mag uit die abattoir sonder die toestemming van die superintendent verwyder word nie en geen karkas mag in stukke gesny word (behalwe die vierendeel van beesvleis) totdat dit deur die superintendent gestempel is as geskik vir menslike voedsel nie.

24. *Afkeuring van ongesonde vleis.*

Die mediese gesondheidsbeampte, of by sy afwesigheid die superintendent, mits hy 'n veearts is, kan, na persoonlike ondersoek en na behoorlike kennisgewing aan enige betrokke persoon, gelas dat enige vleis wat ondeugdelik, ongesond of bedorwe is, vernietig of ongeskik vir verkoop as voedsel gemaak word: Met dien verstande dat enige betrokke persoon die reg besit om van die mediese gesondheidsbeampte of sy plaasvervanger te vereis dat, voordat hy die vernietiging van enige vleis gelas, hy dit hou vir 'n redelike tydperk van hoogstens 48 uur vanaf die tyd van die kennisgewing ten einde dit verder deur 'n geneesheer of 'n veearts wat deur so iemand aangestel is, te laat ondersoek.

25. *Munisipaliteit nie verantwoordelik vir verlore goed nie.*

Behalwe waar daar bewys word dat sodanige skade, ongeluk, besering of verlies te wyte is aan nalatigheid of opsetlike versuim aan die kant van die Munisipaliteit of sy werknemers wat binne die bestek van hul gesag handel, is die Munisipaliteit nie verantwoordelik vir enige skade aan, of verlies van enige karkas of karkasse of enige artikel of ding op enige wyse hoegenaamd terwyl dit binne die abattoir hokke of krale of enige plek binne die perseel, of binne die omheinings van die abattoir is, of vir enige ongeluk hoe ook al veroorsaak, aan enige slagter of ander persoon wat nie 'n werknemer van die Munisipaliteit is nie.

26. *Voorkoming van wreedheid teenoor diere.*

Om op meer doeltreffende wyse die onnodige lyding van of wreedheid teenoor diere in die abattoir te voorkom, kan die Munisipaliteit magtiging verleen deur 'n verloofbrief onderteken deur die behoorlik gemagtigde beampte, uit te reik aan 'n persoon of persone om in die abattoir te gaan gedurende besigheidsure om te sien hoe die diere doodgemaak word. Geen sodanige persoon mag hom op enige wyse

dressing of animals. He may, however, report to the superintendent or the police any case of cruelty or contravention of the regulations of the Municipality that may fall under his observation.

27. *Inflation of carcasses.*

No person shall inflate for dressing purposes the carcass of any animal, except under the supervision of the superintendent and with the special apparatus approved by the Municipality.

28. *Scalding tanks and blocks.*

- (1) No slaughterman shall keep the carcass of a pig an unnecessary time in the scalding tanks or upon the blocks or tables; all disputes as to priority of using the scalding tanks or blocks shall be decided by the superintendent.
- (2) Scalding shall be effected only by means of the scalding tanks or boiler provided by the Municipality at the abattoir, and fuel therefor shall be provided by the Municipality.

29. *Cleaning of entrails and offal.*

No butcher shall have entrails or offal cleaned anywhere else except at the abattoir.

30. *Dealing in paunches, etc.*

No dealing in paunches, guts, entrails or offal shall take place on the premises of the abattoir without the written permission of the Municipality.

31. *Removal, curing and drying of hides.*

No butcher shall remove hides of slaughtered animals from the premises of the abattoir, for the purpose of drying, curing or storing elsewhere within the area of the Municipality. Such drying or curing shall be done on the premises of the abattoir in consultation with the superintendent and the hides shall be stored in the rodent-proof lock-up stores provided on the premises of the abattoir for this purpose.

32. *Disposal of blood, etc.*

Every person engaged in the killing or dressing of animals shall dispose of the blood and the content of the entrails and prevent as far as possible any portion from falling upon the floor of the abattoir.

33. *Cleaning of the abattoir.*

The Municipality shall make provision that the abattoir be kept at all times in a clean state.

43. *Cleaning of tools, etc.*

All knives, saws or utensils used in the abattoir shall be thoroughly cleaned immediately after slaughtering has been completed.

35. *Settlement of disputes.*

All disputes in regard to the occupation of rooms or pens shall be decided by the superintendent.

bemoei met die slagters of ander persone wat besig is met die slag of bereiding van diere nie. Hy kan egter aan die superintendent of die polisie elke geval van wreedheid of oortreding van die regulasies van die Munisipaliteit wat hy opmerk, rapporteer.

27. *Opblaas van karkasse.*

Niemand mag vir bereidingsdoeleindes die karkas van 'n dier opblaas nie, behalwe wanneer dit onder die toesig van die superintendent geskied en met die spesiale toestelle wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is.

28. *Skroeibakke en blokke.*

- (1) Geen slagter mag die karkas van 'n vark vir 'n onnodig lang tyd in die skroeibakke of op die blokke of tafels hou nie. Alle geskille omtrent voorkeur by die gebruik van die skroeibakke of blokke word deur die superintendent besleg.
- (2) Slegs die skroeibakke of ketel wat deur die Munisipaliteit by die abattoir verskaf is, moet vir skroei-doeleindes gebruik word, en brandstof daarvoor word deur die Munisipaliteit verskaf.

29. *Skoonmaak van ingewande en afval.*

'n Slagter mag nie ingewande of afval elders laat skoonmaak as by die abattoir nie.

30. *Handel in pense, ensovoorts.*

Niemand mag sonder die skriftelike vergunning van die Munisipaliteit in pense, derms, ingewande of afval op die perseel van die abattoir handel drywe nie.

31. *Verwydering, sout en droogmaak van huide.*

'n Slagter mag nie die huide van geslagte diere van die perseel van die abattoir verwyder met die doel om hulle elders in die gebied van die Munisipaliteit droog te maak, te sout of te bêre nie. Die droogmaak en sout daarvan moet op die perseel van die abattoir gedoen word in oorleg met die superintendent en die huide moet gebêre word in sluitbare pakkamers wat teen knaagdiere bestand is en wat op die perseel van die abattoir vir die doel verskaf word.

32. *Verwydering van bloed, ens.*

Elkeen wat behulpsaam is met die slag of voorbereiding van diere, moet die bloed en die inhoud van die ingewande en pense op die wyse uitgooi wat die superintendent voorskryf en moet sover moontlik verhinder dat enige gedeelte op die vloer van die abattoir val.

33. *Skoonmaak van die abattoir.*

Die Munisipaliteit moet toesien dat die abattoir te alle tye in 'n skoon toestand gehou word.

34. *Skoonmaak van gereedskap, ens.*

Alle messe, sac of ander gereedskap wat in die abattoir gebruik word, moet deeglik skoongemaak word onmiddellik nadat die slagwerk klaar is.

35. *Beslegting van geskille.*

Alle geskille in verband met die gebruik van kamers of hokke word deur die superintendent besleg.

36. *Registration.*

No person other than an official or servant of the Municipality shall be employed at the abattoir after the expiration of one month from the coming into force of these regulations unless he is registered by the superintendent as a slaughterman, dresser, labourer or in such other capacity as he may be employed, and thereafter no person shall be so employed unless within one month after the commencement of his duties he shall have been registered. Every applicant for registration shall furnish to the superintendent a medical certificate that he is in good health and fit to be employed in the abattoir. The superintendent may without assigning any reason withdraw the registration of any employee. Any person whom the superintendent has refused to register or whose registration has been withdrawn by the superintendent may appeal against the decision of the superintendent to the Municipality.

37. *Date of expiry of certificate.*

Every certificate of registration shall expire on the 31st day of December in every year, and application for renewal shall be made to the superintendent at least fourteen days before the date of expiry.

38. *Medical examination.*

